

Belê veel eerder jou spaargeld in 'n uittreeannuïteit

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Ek kyk vandag na die geskiktheid van 'n trust as 'n instrument om in te spaar vir aftrede.

Die vraag hieroor het vandeeweek opgeduik in konsultasie met iemand wat besig is met sy aftredebeplanning.

Ongelukkig is dit so dat trustmouse links en regs trusts aan goedgelowige mense afsmeer. Hoofsaaklik onder die dekmantel van 'n belastingvoordeel. Ver al boedelbelasting is 'n groot bangmaakgogga.

Die probleem wat 'n mens het, is dat dit wat aan mense vertel word oor trusts gewoonlik die waarheid is. Dis net nie altyd die vólle waarheid nie. En 'n mens kan groter lieg met halwe waarhede as met blatante leuens, glo ek.

'n Trust, die sogenaamde familietrust, of dan trust in die regte sin as ons meer akademies korrek wil wees, het sy plek in boedelbeplanning. Moenie my verkeerd verstaan nie.

Maar om te gebruik as 'n instrument om in te spaar vir aftrede? Nee.

So, wat is 'n trust?

Ons kyk eers na wat 'n trust is.

'n Trust is 'n kontrak. Niks meer nie. Dit het nie 'n eie regs persoonlikheid nie.

Dit is 'n driebeenkotak tussen die oprigter van die trust (dis nou jy wat in ons onderwerp vandag die trust wil gebruik as aftrevoorsiening vir jouself), die trustee en die begunstigde.

Jy, die trust-oprigter, dra bates oor aan die trustee wat daarvoor toesig en beheer het tot voordeel van die begunstigde.

Hier is die sleutel tot die hele argument. Trustbates is nie joune nie. Lees dit weer. En jy wil voorsorg tref vir jou aftrede? Maak dit sin? Nee.

Goed, hier is die deurmekaarspul wat sommige nie verstaan nie, of nie wil verstaan nie.

Jy kan, want dit is toegelaat (nie gewens nie), sowel die trustee as 'n begunstigde wees. Tegnies kan jy dus trustbates, of die opbrengs op jou (aftree-)beleggings aan jouself uitkeer.

Ons hoef maar net te kyk na die howe se hantering van trusts en trustbates in egskeidingsake om te weet dat trustbates waaroor jy beheer kon uitoefen, ingetrek word in sulke eise.


Die Wet op Boedelbelasting (Wet 45 van 1955) maak juis voorsiening daarvoor (art. 3(3)(d)) dat bates waaroor jy beheer kon uitoefen tot jou voordeel ingetrek word as eiendom vir boedelbelasting by jou dood.

Jou geld in die trust? Om vir jou te voorsien van 'n aftree-inkomste? En jy het geen beheer daarvoor nie? Maak dit sin?

Belastingimplikasies

Goed, dit wat die trust aanbetref - wat is nog ter sake? Belasting.

Belasting in 'n trust (op beleggings-



Spaar vir aftrede? Kyk liewer verby 'n trust

Trusts en inkomstebelasting

In die hoofrubriek dié week word melding gemaak van die deurvloeiëbeginsel (art. 25B van die Wet op Inkomstebelasting, Wet 58 van 1962) wat toelaat dat inkomste in 'n trust belas word in die hande van die trust-begunstigde pleks van in die trust self, as dit in dieselfde belastingjaar aan daardie begunstigde toegeken word.

Gewoonlik word dit gedoen omdat individue volgens die inkomste-belastingskaal en teen 'n laer koers as trusts belas word (lees die rubriek).

Art. 7 van die Inkomstebelastingwet het egter agtingsklousules wat die deurvloeiëbeginsel ondergeskik maak hieraan in sekere omstandighede.

Hieronder tel dat die skenker (die per-

groeï) is 45% van die eerste rand af. Kapitaalwinstbelasting (KWB) is 36%. Geen vrystellings, geen kortings.

Ja, art. 25B van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962) laat toe vir die deurvloeiëbeginsel, wat in werklikheid beteken dat groei in die belegging wat in dieselfde jaar toegeken word aan 'n trust-begunstigde in die hande van die begunstigde belas word (uitgesluit annuïteits-inkomste). Al betaal dit nie uit aan die begunstigde nie.

En dit behou sy vorm. Byvoorbeeld, as dit rente is, word dit belas as rente in die hande van die begunstigde.

Dit is 'n belastingspeletjie met ernstige gevolge wat skynbaar ook nie oral verstaan word nie, of een van daardie waarhede wat verswyg word.

soon wat geld aan die trust geskenk het) in sekere omstandighede belas kan word, eerder as die begunstigde aan wie die toekenning gemaak is.

Dit is ongeag of die begunstigde die inkomste of kapitaalwinst ontvang het en selfs waar die inkomste of kapitaalwinst in die trust behou bly.

Dit kan byvoorbeeld gebeur as die skenker die ouer is van 'n minderjarige persoon in welke geval die skenker belas sal word.

Ook as die trustakte bepaal dat daardie inkomste deur die trust behou word in afwagting van 'n sekere gebeurte in die toekoms. Art. 7 het 'n hele aantal sulke agtingsbepalings waarvan trustees moet kennis neem.

Daardie geld, die beleggingsgroeï wat so toegeken word, verloor onmiddellik sy beskerming in die trust. Kortom, dit is nou nie werklik meer 'n trustbate nie, dit is eiendom wat die trust nou net namens jou bestuur.

Skuldeisers het maklike toegang daartoe, om 'n voorbeeld as een van die gevolge te noem.

Dit is dan beter om liewer jou spaargeldjies vir aftrede in 'n uittreeannuïteit (UA) te spaar. Dit is belastingafrekbare, wat jy nie met 'n trust het nie.

Intendeel, om die geld in die eerste plek in die trust te kry, gaan jy dit moet skenk, wat geskenkbelasting ter sprake bring. Of jy moet dit aan die trust leen, wat niks bydra tot die voordeel om die geld uit jou hande te kry nie, want die

uitstaande lening is steeds 'n bate in jou boedel.

Boonop as jy nie rente hef op die lening nie, word dit as 'n skenking gesien en kom geskenkbelasting ter sprake.

Trust teenoor uittreeannuïteite

Die groei in die UA is belastingvry, wat jy nie in die trust het nie. Soos ek hierbo noem. In 'n UA is dit uitgesluit vir boedelbelasting en beskerm teen skuldeisers. Beskerming wat die trust nie meer kan bied as die beleggingsgroeï eers aan jou toegeken is om die belasting in die trust te omsel nie.

Ek dink die boodskap is duidelik as dit gaan om aftrevoorsiening.

Maar ter volledigheid, dis nie te sê trusts kan nie aangewend word vir ander beleggings nie. Reg bestuur kan 'n trust van waarde wees. Lees net weer hierbo oor die risiko van beheer oor trustbates.

In so 'n geval sal ek ook sterk aanbeveel dat die beleggings nie direk deur die trust gedoen word nie, maar dat gebruik gemaak word van 'n sogenaamde polissbaadjie om die geld in te belê.

Dit bied 'n werklike belastingvoordeel in die sin dat die opbrengs binne die polissouersfonds belas word teen 30% op inkomste en 12% kapitaalwinstbelasting (KWB), eerder as onderskeidelik, soos genoem hierbo, 45% en 36% in die naam van die trust.

Ná die vereiste periode van vyf jaar vir só 'n belegging is die geld beskikbaar vir 'n begunstigde. En dit is belastingvry in sy of haar hande.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

Nóg raad